Goeie maats help mekaar

Jana en Mandu ry fiets naby die rivier. Jana ry vinnig. Sy ry al vinniger teen die bult af.

"Nie so vinnig nie, Jana!" roep Mandu. "Jy ry te vinnig!"



Nie so vinnig nie, Jana!

Skielik tref Jana se fiets 'n skerp klip. Sy sien dat sy 'n pap wiel het.

"Ag nee!" roep sy. "My wiel is pap!"

"Moenie bekommerd wees nie, Jana," antwoord Mandu. "Ek sal jou help om dit reg te maak."

Mandu wil vir Jana help, maar hulle het nie 'n pomp of 'n herstelkissie saamgebring nie.

Ag nee! My wiel is pap!
Ek sal jou help om dit reg te maak.

"Ek sal huis toe ry en my pomp gaan haal," sê Mandu.

Sy ry weg en laat Jana alleen met haar hond agter.

"Ek sal nooit weer sonder my herstelkissie gaan ry nie," sê Jana vies vir haarself.

Ek is nou-nou terug!

Jana wag en sy wag en sy wag. Sy wag baie lank, en sy begin honger en dors voel.

"Binnekort gaan dit donker wees," dink sy.

Ek wonder of Mandu voor donker terug sal wees?

Net toe kom Mandu terug! Sy het haar ouboet Dumisani saamgebring. Jana is baie bly om hulle te sien. Sy hardloop na hulle toe.

"Ek is so bly julle is terug!" roep Jana bly uit.


Dankie dat jy teruggekom het, Mandu! Het jy 'n pomp saamgebring?

Dumisani help die twee meisies om die wiel reg te maak. Daarna pomp hulle dit styf.

"Kom ons gaan huis toe voordat dit te donker word," sê hy.

Die kinders ry terug huis toe. Hulle moet ver ry. Die paddas begin al kwaak. Die uile begin hoe-hoe. Die krieke tjirp en die muise piep.

Hulle ry oor die brug.

"Kyk die maan!" sê Mandu. Die volmaan help hulle om die pad te sien.

"Ons moet gou maak," sê Jana. "My ma bekommer haar seker al oor my."

"Dis byna agtuur," antwoord Dumisani. "Ons behoort binne 'n halfuur tuis te wees."

Toe hulle by die huis aankom, gee Jana vir Mandu 'n drukkie.

"Dankie, Mandu," sê sy. "Jy is 'n goeie maat."

"Dis wat maats doen," antwoord Mandu.

Goeie maats help en bedank mekaar!

Padveiligheid

- Kyk regs, links en weer regs voordat jy 'n pad oorsteek.
- Steek die pad by sebra-oorgange oor.
- Stop wanneer die robot rooi is.
- Gehoorsaam die padreëls.
- Dra altyd 'n valhelm.
- Hou altyd 'n herstelkissie en 'n pomp by jou.

Reëls vir fietse

- Dra altyd 'n valhelm.
- Ry altyd saam met 'n maat en ry agter mekaar.
- Dra helder kleure.
- Maak seker dat jou fiets se wiele styf is.
- Hou 'n herstelkissie en 'n pomp by jou.
- Kyk links en regs terwyl jy ry.
- Plak weerkaatsers en glimstroke aan jou fiets vas.
- Sluit jou fiets wanneer jy dit iewers los.

Groepleesaktiwiteite

1 Kyk na die prente hieronder. Beantwoord die volgende vrae saam met jou maat:

- Wat gebeur in elke prent?
- Watter prent moet eerste, tweede en derde wees?
- Watter opskrif pas by elke prent?

Dumisani help hulle	Jana bedank vir Mandu	Jana se wiel tref 'n klip

Kyk na die prente. Beantwoord die volgende vrae saam met jou maat:

- Wat gebeur aan die begin van die storie?
- Wat gebeur in die middel van die storie?
- Wat gebeur aan die einde van die storie?

2 Voer 'n rolspel oor die storie op.

3 Lees die volgende sinne vir jou maat. Rangskik die sinne dan in die regte volgorde om die storie oor te vertel.

a. Jana se fiets tref 'n klip.
b. Dumisani help die meisies om die wiel reg te maak.
c. Jana en Mandu gaan fietsry.
d. Jana bedank Mandu en Dumisani omdat hulle haar gehelp het.
e. Mandu gaan 'n pomp haal.

4 Kopieer die tabel hieronder in jou klaswerkboek. Soek een woord in die storie of gebruik een van jou eie woorde wat begin met die volgende klanke: kl-, tr-, br- en tw-.

kl-	tr-	br-	tw-
_____	_____	_____	_____

Kies die korrekte klanke om hierdie woorde te voltooi.

v____s	r____p	h____s
m____s	moen____	v____l

ie ui oe

5 Kyk na bladsy 14 en skryf die klanke wat hierdie diere maak in jou klaswerkboek.

6 Lees hierdie vrae en beantwoord dit saam met jou maat.

a. Wat is die titel van die storie?
b. Wie is die karakters in die storie?
c. Waarom het Mandu huis toe gery en vir Jana alleen agtergelaat?
d. Dink jy Jana het die regte ding gedoen deur vir Mandu te wag? Gee 'n rede vir jou antwoord.
e. Wat sou jy gedoen het as jy Jana was?

7 Verbeel jou jy is Jana. Skryf 'n kaartjie aan Mandu en Dumisani om hulle vir hulle hulp te bedank.